Prof. Gert Breed (Teologiese Skool)

# Sink ons land onkeerbaar?

Die situasie in ons land is op 'n mespunt gebalanseer. Dit kan na enige kant toe gaan. Die rassespanning word hoog aangeblaas, die ekonomie word deur korrupsie ondergrawe. Onbekwaamheid en laksheid, werkloosheid, vigs en armoede is skynbaar onstuitbaar besig om die skip te sink.

## Is daar 'n oplossing?

Ons as kinders van God hou die oplossing in ons hande. God het vir ons voorbeelde in die Bybel gegee en daardeur aan ons sy mag geopenbaar. Deur mense soos Josef, Moses, Daniël en Paulus toon Hy aan ons hoe Hy deur 'n enkele mens 'n ingrypende invloed kan uitoefen in die samelewing.

In Suid-Afrika is ons geseënd met baie mense wat God ken en in opregtheid dien. Ons hoor en lees egter ook van die teendeel. Mense wat deur haat gedryf word om te moor. Ons sien mense wat smag na mag en daarom die massas opsweep om hulle politieke loopbaan te bevorder. Ons kry te doen met mense wat onreg gely het en nou deur bitterheid gedryf word. Mense pleeg bedrog in hulle sug na rykdom. Mense gooi in wanhoop sinies hulle hande in die lug oor al hierdie dinge en verklaar dat Suid-Afrika 'n verlore saak is.

Sogenaamde teoloë verkondig dat hulle nie meer kan glo in die waarheid van God se Woord nie, ander verkondig dat die tyd van die kerk uitgedien is.

Ons kan op hierdie negatiewe dinge fokus. Ons kan vergeet dat niks vir God onmoontlik is nie. Ons kan by onsself besluit dat ons niks kan vermag teen hierdie oormag nie. Dan word ons hande slap en ons knieë lam. Of ons kan onsself verheug in die volkome oorwinning wat Jesus Christus met sy koms na die aarde bewerk het. Ons kan ons oë op Hom gerig hou en met sekerheid na God gaan, in die oortuiging dat Hy daar is en 'n beloner is van dié wat Hom soek (Heb. 11:6). Ons kan saam met Paulus jubel oor die evangelie wat 'n krag van God is tot redding van elkeen wat glo, ook tot redding van die hele Suid-Afrika (Rom. 1:17).

In die brief aan die Efesiërs openbaar God sy ewige plan en hoe die kerk in die sentrum van God se plan met die wêreld staan. God het sy kinders voor die grondlegging van die wêreld uitgekies. Hy seën hulle in Christus met al die geestelike seëninge wat daar in die hemel is (1:3). Sy doel hiermee is dat Hy hulle wil saambring onder Christus, hulle Hoof, sodat hulle sy liggaam kan wees (1:3, 11). Aan Christus, die Hoof van die kerk, is alle dinge onderwerp (1:22) en die kerk is die volheid van Hom wat alles in almal vervul (1:23).

Dit beteken dat die kerk hierdie mag wat aan Christus toevertrou is, tot uitvoering moet bring hier op aarde, omdat hulle sy werk voortsit en deur die kragtige werk van die Gees voleindig. Daarom bid Paulus ook vir die kerk dat hulle sal begryp watter hoop hulle roeping inhou en watter rykdom daar is in die erfenis wat Hy vir hulle bestem het en ook hoe geweldig groot die krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo (1:18-20).

Hierdie wysheid van God, wat Hy tot uitvoering gebring het in Christus en wat duidelik word in die kerk, is 'n verkondiging aan die hele wêreld. Ja, selfs die bose magte moet in die kerk sien hoe God besig is om sy ewige plan tot uitvoering te bring (3:10). Daarom bid Paulus ook vir die kerk dat hulle die volle omvang van Christus se liefde sal begryp sodat hulle heeltemal vervul kan word met die volheid van God (3:19). Die doel daarmee is dat God in die kerk verheerlik sal word wanneer almal sien dat die God wat hulle aanbid oneindig meer kan doen as wat enige mens kan bid of kan dink.

Die kerk van die Here hier in Suid-Afrika moet weer begryp wie hulle is en wat hulle roeping is en dat Christus sy oorwinningskrag in en deur hulle wil openbaar. God is besig om sy ewige plan tot uitvoering te bring, ook hier in ons land – en die kerk het 'n sleutelrol in hierdie plan. Wanneer die kerk hulle identiteit begin uitleef, word die krag van God duidelik in die samelewing.

## Hoe kan die kerk deel wees van die oplossing in ons land?

Paulus sê in 2 Korintiërs 5:14 dat die liefde van Christus hom dring. Die Griekse woord wat met

"dring" vertaal is (1953-vertaling), word ook gebruik in die betekenis van arresteer, of om aan te dui dat jy deur 'n skare verdring word, of ook om aan te dui dat 'n stad beleër word. Paulus sê dus dat die liefde van Christus só op hom beslag gelê het dat hy nie daarvan kan wegkom nie. Dit het sy lewe oorgeneem en is nou die dryfkrag in alles wat hy doen. In 2 Korintiërs 5:11 het hy van nog 'n ander dryfkrag in sy lewe gepraat, naamlik die vrees van die Here (1953-vertaling). Die eerbied en ontsag wat hy vir die Here het, maak dat hy elke mens op sy pad probeer oortuig om hulle met God te versoen.

Hierdie twee dinge bepaal sy lewe, die eerbied en ontsag vir God en die liefde van Christus. Wanneer hierdie twee kragte in iemand se lewe werksaam is, word alles nuut in daardie persoon se lewe. Dan kyk jy met nuwe oë na ander mense – nie meer vanuit ou, vleeslike begeertes of jou vrese en strewes nie, maar uit Christus se oë (2 Kor. 5:17, 18). Paulus sê dit het van hom 'n gesant, 'n gestuurde van Christus gemaak. En die heerlike boodskap wat hy uitdra, is dat God ons met Hom versoen het deur die verdienste van Christus. Die oproep wat van sy lewe uitgaan, is: "Ons bid julle, om Christus wil: Laat julle met God versoen" (2 Kor. 5:20).

Hierin lê die oplossing vir ons land se probleme. Die kerk moet weer hulle roeping en die omvang van die liefde van Christus begryp en deur hierdie liefde gedring word om die versoening wat God bewerk het, uit te leef en te verkondig.

Dit hou in dat elke gelowige, elke gemeente en elke kerkverband hulleself sal ondersoek en sal vra waardeur ons gedryf word. Het ons ons eie agenda opgestel? Word ons deur onsuiwere motiewe gedring? Of soek ons biddend na insig in ons roeping, pleit ons by God om sy almag in en deur die kerk sigbaar te maak? Is daar in ons hart liefde, ook vir die mense wat op die oomblik deur vleeslike begeertes gedryf word? Kan ons soos Paulus by hierdie mense pleit: "Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het"?

In 2 Korintiërs 6:1 doen Paulus 'n beroep op die gemeente om te sorg dat hulle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie. Die GKSA het soveel genade van God ontvang oor al hierdie jare. Jy en jou gemeente het soveel genade uit God se hand ontvang. Gaan dit tevergeefs wees, nutteloos, sodat die kerk geen invloed op die land het nie? Nie as ons ag slaan op 2 Korintiërs 6:2 nie: "Hy sê: 'Op die regte tyd het ek jou gebede verhoor en op die dag van redding het ek jou gehelp.' Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding."

Indien elke gelowige in hierdie land seker maak dat die genade van God in hulle lewe daartoe lei dat hulle deur Christus se liefde gedring word, sal God in Suid-Afrika doen ver bo wat ons kan bid of dink.

**Wat moet ek doen?**

Laat die kerk vir jou kosbaar wees! Soek biddend saam met jou gemeente om die heerlike oorwinningskrag van Christus sigbaar te maak. Ontdek biddend die omvang van Christus se liefde. Begin leef uit die oorwinning wat Christus behaal het. Ken jou roeping as gesant van God, roep mense na God toe met jou woorde en dade. Bid voortdurend in die vaste vertroue op die God wat *is* en 'n beloner is van dié wat Hom soek.

Leef dan met verwagting, leef en dink positief in hierdie mooi land wat God ons gee. DK